- ✞ <u>**Geloofsbelydenis van Berèa Christen Gemeente.**</u>

- ✞ Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus Sy eniggebore Seun onse Here. Wat ontvang is uit die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, wat gelei het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is en neergedaal het in die onderste dele van die aarde (graf). Wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die Heiliges, die vergewing van sondes, die opstanding van die liggaam, en 'n ewige lewe.